litasa

LITERACY ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

# 21STE JAARLIKSE LITASA-KONFERENSIE

## “Reading the Future, Ukufunda Ikusasa, Ho Bala BokamosoLees die Toekoms: Geletterdhede vir Transformatiewe/Transformerende Onderwys”

**4 - 6 SEPTEMBER 2026,**
**UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND, JOHANNESBURG, GAUTENG**

VOOR-KONFERENSIE WERKSWINKELS:
REGENESYS SCHOOL OF EDUCATION

**Sluitingsdatum vir opsommings: 15 Maart 2026**

Indien u ’n opsomming wil indien, besoek: www.litasa.org.za/conference



# "Reading the Future, Ukufunda Ikusasa, Ho Bala BokamosoLees die Toekoms: Geletterdhede vir Transformerende Onderwys"

## Oor die Konferensie

Ons vier 21 jaar van navorsing, praktyk en voorspraak in geletterdheid. Vir meer as twee dekades bring die LITASA-konferensie opvoeders, navorsers, beleidmakers, gemeenskapsorganisasies en geletterdheidsvoorstaanders byeen. Die 2026-komitee nooi u uit om die rol van geletterdheid te herbedink in die bou van 'n meertalige en sosiaalregverdige toekoms – 'n toekoms waarin elke Suid-Afrikaner toegang tot kennis kan verkry, ten volle kan deelneem en met waardigheid agentskap kan uitoefen.

In 'n tyd gekenmerk deur kommerwekkende PIRLS-bevindinge, toenemende ongelykhede, vinnigontwikkelende KI-tegnologieë en verskuiwende linguistiese en kulturele ekologieë, bly geletterdheid 'n kragtige instrument vir transformasie. Vanjaar se tema, Reading the Future / Ukufunda Ikusasa / Ho Bala Bokamoso, plaas meertalige geletterdhede sentraal as dinamiese hulpbronne wat huis en skool, plaaslike realiteite en globale geleenthede, asook grondslagleer en hoër onderwys met mekaar verbind.

Ons verwelkom bydraes wat innoverende navorsing, klaskamerpraktyk, gemeenskapswerk en beleidsrigtings (met 'n fokus op meertaligheid, geletterdheidsontwikkeling en onderwys in 'n veranderende wêreld) ondersoek.

**Transformerende Geletterdheid: Bybly in 'n Veranderende Wêreld**

- Hoe kan geletterdheidsonderrig bydra tot meer regverdige, billike en deelnemende samelewings?
- Hoe kan pedagogiese en tegnologiese innovasies op nuwe geletterdheidsuitdagings reageer?
- Hoe lyk geletterdheidsonderrig in die era van KI?
- Hoe kan geletterdheid kritiese denke, burgerlike en die skepping van demokratiese kulture ondersteun?
- Hoe kan vennootskappe, innoverende befondsingsmodelle en doeltreffende monitering en evaluering langtermyn-impak versterk?
- Hoe verseker ons volhoubare geletterdheidsmodelle?

**Grondslae vir die Toekoms: Geletterdheid in die Vroeë Jare**

- Hoe vorm sterk vroeë geletterdheidsgrondslae langtermynleeruitkomste?
- Watter strategieë ondersteun geletterdheidsontwikkeling die beste in die vroeë jare?
- Hoe kan huistale en kulturele kennis betekenisvol geïntegreer word in vroeë geletterdheidspedagogiek?
- Hoe kan vennootskappe, insluitend "derde ruimtes", jong kinders se geletterdheidsleer versterk?

**Lees deur die Jare: Oorgange en Kontinuïteite**

- Hoe ontwikkel geletterdheidsvaardighede namate leerders deur die skoolstelsel vorder?
- Watter praktyke verdiep lees- en skryfbetrokkenheid ná die grondslagfase?
- Hoe kan skole kontinuïteit in lees- en skryfonderrig en assessering oor grade heen verseker?
- Hoe beïnvloed taaloorgange geletterdheidsontwikkeling?

**Geletterdhede in Hoër Onderwys: Toegang, Billikheid en Epistemiese Geregtigheid**

- Hoe ontwikkel universiteite akademiese en dissiplinêre geletterdhede in linguisties diverse omgewings?
- Hoe lyk epistemiese geregtigheid in lees- en skryfpedagogiek?
- Hoe kan intervensies bemagtig eerder as remedieer?
- Hoe reageer hoëronderwysinstellings op uitdagings wat KI, digitale skryfgereedskap en veranderende geletterdheidseise stel?

**Herbedinking van Assessering: Assessering vir Betekenisvolle en Billike Geletterdheidsleer**

- Hoe kan assessering geletterdheidsontwikkeling in meertalige kontekste versterk?
- Hoe beïnvloed klaskamer-, skool-, nasionale en internasionale assesserings geletterdheidsonderrig?
- Watter assesseringsontwerpe vang leerders se meertalige en multimodale repertoires geldig vas?
- Hoe kan onderwysers assesseringsdata gebruik om responsiewe onderrig en kurrikulumbeplanning te rig?

**Terug na die Toekoms: Geletterdhede Buite die Klaskamer**

- Hoe floreer geletterdhede in gemeenskaps-, gesins-, werkplek- en kulturele ruimtes?
- Hoe verbreed biblioteke, NRO's, gemeenskapsgroepe en geletterdheidsorganisasies toegang tot lees en skryf?
- Watter nuwe geletterdhede ontstaan in digitale, sosiale of kulturele ruimtes?

## Indieningsbesonderhede

**Taal:**

- Ons verwelkom voorleggings en aanbiedings in al twaalf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Dui asseblief u voorkeurtaal aan tydens indiening.

**Aanbiedingskategorieë**

- **Individuele referate** - 15-min aanbieding | 10-min bespreking
- **Praktisyn-aanbiedings** - 15-min aanbieding | 10-min bespreking
- **Werkswinkels** - 1 uur
- **Plakkaataanbieding** - Vertoon regdeur die konferensie
- **Paneelbesprekings** - 1 uur | 3-5 sprekers
- **Gemeenskapsprojek-uitstallings** - 15-min aanbieding | 10-min bespreking
- **Innoverende/multi-sensoriese demonstrasies** - 15-min aanbieding | 10-min bespreking

**Lengte van Abstrakte**

- Navorsingsreferate, werkswinkels, ens.: Maksimum 200 woorde (geen sitate nie).
- Paneelbesprekings: Maksimum 350 woorde (insluitend besonderhede van paneellede).